Posbus 30 P.O. Box
LADISMITH
6655

argiewe@kannaland.co.za
Tel : (028) 551 1023
Fax : (028) 551 1766

Kerkstr. 32 Church St.
LADISMITH
6655

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| *Verwysing:*<br>*Reference:* | *16/1/4/R* | *Navrae:*<br>*Enquiries:* | *Mr MM Hoogbaard* | *Datum:*<br>*Date:* | *4/01/2016* |

**KANTOOR VAN DIE**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER**

Aan al die mense van Kannaland
Maandag, 4 Januarie 2016

Geagte Kannalanders

Kannaland se herhalende jaarlikse waterkrisis is verlede jaar eens en vir altyd omgeswaai in ‘n geleentheid.

Kannaland het water. Maar Kannaland het nie water om te mors nie.

Baie dankie dat u water reeds sedert verlede jaar spaarsamig gebruik.

Ons water kom meestal uit boorgate. Dis heerlike, vars, gesonde, suiwer water, maar dit kos baie geld om sulke water uit die grond by u uit te kry. Ons damvlakke is aanvaarbaar. U verantwoordelike waterverbruik maak dat Kannaland nie die waterprobleme van baie ander gebiede het nie.

Besoek asseblief ons webblad, of die biblioteke, of die munisipale kantore vir inligting oor waterbeperkings. Vanjaar se beperkings is baie ligter, as gevolg van u verantwoordelike waterverbruik.

Ek is baie dankbaar dat Zoar se inwoners in Desember 2015 vir die eerste maal in dekades geen waterprobleme gehad het nie. Dit getuig van gesonde samewerking tussen die munisipaliteit en die gemeenskap.

Die uiteindelike oplossing is om ‘n groot nuwe dam te bou. Die munisipaliteit werk hard om hierdie droom te bewaarheid.

Die waterbeperkings wat in **Ladismith** en **Vanwyksdorp** ingestel is, is steeds van krag en inwoners moet die beperkings asseblief nakom:

1. Tuine mag slegs tussen 18:00 en 19:00 op Maandae en Donderdae natgemaak word.
2. Sportvelde mag slegs tussen 06:00 en 07:00 en tussen 18:00 en 20:00 besproei word.
3. Kommersiële ondernemings wat voertuie was moet van hoëdrukspuite gebruikmaak terwyl eienaars van privaat voertuie slegs waterhouers mag gebruik om hulle voertuie te was. Geen tuinslange mag gebruik word om voertuie te was nie.
4. Geplaveide oppervlaktes of opritte mag glad nie skoongespuit word nie.
5. Almal wat water uit eie boorgate of opgaartenks kry moet ‘n duidelike kennisgewing, sigbaar van die straat af, op hulle persele aanbring: “EIE WATER”.
6. Huishoudings se waterverbruik moet beperk word tot 20 kiloliter per maand en besighede tot 100 kiloliter per maand.

Die waterbeperkings geld totdat dit opgehef word. Alle navrae kan gedurende kantoor-ure aan meneer Blignaut gerig word by 028 551 1023 of 083 380 0106.

Baie dankie vir u voortgesette samewerking! Die munisipaliteit sal u voortdurend ingelig hou in die nuusbrief, op die webblad, en op ander maniere.